Form. Opening van U.S., 26/2/69.

Besoek van dr. en mev. Carel de Wet

191.T.7(85)

## Voorstelling.

1. Gebruik i.s. sprekers.
   Vooraanstaande persoon
   Lede van Kabinet.
   Universiteitsman.
   Sakeman.
   'n Besondere voorreg – vanmôre weereens.
2. Dr. Carel de Wet.
   Eintlike beroep: geneesheer.
   Politikus.
   Diplomaat: ambassadeur.
   Minister en Staatsman.
3. Sy Portefeulje
   Mynwese, Beplanning, Gesondheid.
   (omvattend, veelëisend)
   Verband: amptelike! beplanning!
   gesondheid! – aktuele verband.
   Vir ons Univ.: Mynwese
   (geol., ing.; beplanning, stedel. + verkoeling; geneesk.)
4. Sy onderwys. XXX.

---

## Bedanking.

Vername gaste.
Gesondheid.
Vir ons Univ. – veral studente.
Vir ons land.
Ons waardering.
Ook mev. De Wet.

---

~~VERKLARING~~.

191, T, 7 (85/3)

OPENING VAN U.S., 26 FEB. 1969, om 11 vm.

SLOTVERKLARING DEUR DIE REKTOR

Dit is vir my 'n behoefte om by hierdie geleentheid my opregte waardering uit te spreek vir die goeie gesindheid en hartlike samewerking wat ek gedurende die akademiese jaar 1968 van die studente van die Universiteit ondervind het. Dit geld van die Studenteraad, van verskeie studentekomitees en van die studente in die algemeen.

Soos ons almal weet, het daar in 1968 onder studente in die buitewêreld, en ook op sekere plekke in ons eie land, soms dinge gebeur wat verantwoordelike mense met groot kommer vervul het. Dit is dan ook nie vreemd nie dat ernstige afkeer hieroor uitgespreek is, en dat sekere studentegroepe nadruklik gewaarsku is.

Wat Stellenbosch se studente betref, kom ek met geen veroordeling en geen dreigemente nie. Dit was steeds my beleid om die bevoegde studenteowerhede in my vertroue te neem en hulle vroegtydig in te lig oor belangrike universiteitsmaatreëls waardeur studente geraak sal word. En ek het die goeie begrip en positiewe reaksie van ons studenteleiers - en ook hulle eerlike, indringende vrae - altyd baie gewaardeer. Die gees wat in ons klaskamers en op ons sportvelde geheers het, die wyse waarop ons ons nuwe Kanselier ingehuldig het, en die gehalte van ons studentepublikasies dien as treffende voorbeelde van die gesonde samewerking wat in 1968 op Stellenbosch tussen studente en universiteitsowerheid bestaan het.

Dit beteken nog glad nie dat ons van die kant van die Universiteitsowerheid die studente in alles wil voorskryf en kondisioneer nie; inteendeel, ons is gesteld daarop dat studente steeds naarstiglik na die waarheid sal soek en 'n gesonde selfstandigheid van gees sal behou. Dat dit só sal wees, is immers in die belang van ons studente self en van ons land in die algemeen. Die studente kan gerus ook maar hulle onderlinge verskille van mening uitpluis en - soos ons op Stellenbosch gelukkig al dikwels gesien het - die vraagstukke van hulle studentepolitiek met geesdrif debatteer. Dit kan op die duur net goed doen, want dit is 'n noodsaaklike deel van 'n student se vormingsproses.

Al/........

Al wat ons van ons studente eis, is dat hulle die besluite van die Universiteit en die wette van die land steeds op nougesette wyse sal respekteer, en ook dat hulle altyd sal sorg dat hulle nooit vryheid vir bandeloosheid verruil nie. Dat hulle gedurende 1968 in alle belangrike sake aan hierdie eis voldoen het, stem ons tot dankbaarheid; ons reken daarop dat dit ook vorentoe sal gebeur.

Mag die jaar 1969 vir sowel universiteitsowerheid as studente, in hulle groot gemeenskaplike taak, 'n jaar van mooi dinge wees.

Geteken: H. B. THOM.

Stellenbosch,

26/2/69.